# 25 Desember 2021 - Lesing 21 - **Die verskuilde “donkie/esel” simboliek vir die Dogter van Sion in Elohim se Woord**

Die Gelofte, soos deur Vader gedikteer aan Francois Fourie, op 28 Oktober 2008 vir 29 Oktober 2008:

## 1) INLEIDING:

My lieflingskinders, hoor die stem van jul Vader.

1. Ek, die Heilige, die Ewige, spreek; julle **gelofte** sal julle doen **ter bevryding van julle volk**, omdat Ek julle gekies het as **tussenpersone**, as middelaars en verteenwoordigers van My volk.
2. Ek wil julle gebruik ter verlossing van die **reine en onreine wat nog te red is** in My mense.
3. Ek is Sion se Man. Sion is My Bruid en Ek sal Myself bekend maak in haar. Julle Gelofte en **klipstapel** sal die simboliek wees vir **die oprigting van die pilaar in My volk ter bevryding van haar.**
4. Ek sê: Wees geseënd in My aarde, want Ek het julle vrygekoop en daarom woon julle in haar.
5. Wees geseënd terwyl Ek, die Leeu van Judah langs julle loop en julle dade betrag.
6. Wees geseënd met **My Krag en outoriteit om die bose te kan bind** om My volk te kan red.
7. Ek sal My Gelofte met julle sluit ter wille van julle volk, want omdat opregtes in My volk is, daarom sal Ek hulle spaar, maar reinig. Ek sal reiniging bring vir die wat nog skoon kan kom.

## 2) My verbond met julle is die volgende:

1. Ek, as Vader van alles, rig My verbond op met die geseëndes in Liefdeskrag, My reine blom, wat haar knie nie voor Baäl gebuig het nie.
2. **Julle is My pilaar**, My **vesting** vir My volk.
3. Julle sal julle lewens aflê vir hulle wie My moet dien in die woestyn.
4. Julle sal hulle uitlei en bring in die land Kanaän as julle My take noukeurig sal opvolg.
5. Ek wil hê dat julle monument vir ewig sal staan en so is My **ewige verbond** met julle gesluit om vir julle **‘n Man te wees** en julle, saam met julle susters, Judah en IsraEL,
6. **My ewige bruid** wie Ek sal verlos in die nag wat kom en wat alreeds saamgepak het oor julle, My Lig op aarde.
7. Dit is My verbond: **Verlossing**.

## 3) Julle Gelofte is as volg:

1. Onse El, ons Vader, ons ewige Man, vir U ons Meester en vir ons volk.
2. Voor U en U skare van engele in hemel en op aarde, maak ons dié <u>**Gelofte**</u>, **dat ons U Huis sal bou**, **die Vesting vir die Dogter van Sion**.
3. Ons en ons vaders, die vaders van hemel en aarde **staan as een**, met een hart, deur U verenig om U Liefde en U Barmhartigheid te bring tot diegene wat suiwer van hart en wese voor U mag staan.
4. **Ons bring ons lewens** as eersgeborenes uit U Lewe en offer dit aan U, ons Maker en ons Man, sodat U kinders en naamgenote hulle skuiling en ewige verweer sal vind **in die Huis deur U gestig**.
5. Neem ons lewens as offer, sodat ons mag terugkeer na ons Bron, **sodat U Naam geheilig mag word en U ewige Apartheid mag heers in ons in die ewigheid**.
6. U Naam ter ere,
7. Amein.

**Sagaria 9:9** Verheug jou grootliks, o Dogter van Sion! Juig, o Dogter van Jerusalem! Kyk, Jou Koning kom na Jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy, nederig en Hy ry op 'n esel - op 'n jong esel, die vul van 'n eselin. [2 Konings 4:22]
10 En Ek sal die strydwaens uit Efraim en die perde uit Jerusalem afsny, en die strydboog sal vernietig word. Dan sal Hy aan die nasies Vrede verkondig, en Sy heerskappy sal wees van see tot see, en van die rivier tot aan die eindes van die Aarde.
11 Ook sal Ek, wat jou betref, kragtens die bloed van jou Verbond jou gevangenes loslaat uit die put sonder water.
12 Keer terug na die vesting, o hoopvolle gevangenes! Ook kondig Ek vandag aan dat Ek jou dubbel sal vergoed.
13 Want Ek span JeHûWdah vir My as boog, lê Efraim as pyl daarop; en Ek vuur Jou seuns, o Sion, aan teen jou seuns, o Jawan(Griekeland), en Ek maak Jou soos die Swaard van 'n Magtige.

**Miga 4:6** In dié dag, spreek JaHWeH, wil Ek versamel die wat kreupel is, en bymekaarmaak wat verdryf was, en die wat Ek kwaad aangedoen het.
7 Dan sal Ek die wat kreupel was, **tot 'n oorblyfsel** maak en wat ver verwyder was, tot 'n magtige nasie. En JaHWeH sal Koning wees oor hulle **op die Berg van Sion,** van nou af tot in ewigheid.
8 En U, Toring van die skape (**Migdol**), **Vesting van die Dogter van Sion**, na Jou sal dit kom, ja, die vroeëre heerskappy sal kom, die **Koningskap vir die Dogter van Jerusalem.** [Spreuke 18:10; Hooglied van Salomo 4:4]
9 Waarom skreeu Jy nou so hard? Is daar geen koning in Jou nie? Of het Jou raadgewer omgekom, sodat smart Jou aangegryp het soos van Een wat baar? [Psalm 61; Openbaring 12]
10 **Krimp inmekaar en bring voort, o Dogter van Sion, soos Een wat baar**! Want nou sal Jy die Stad verlaat en

op die veld gaan woon; **en Jy sal in Babel aankom** - dáár sal Jy gered word, dáár sal JaHWeH Jou verlos uit die handpalms van Jou vyande. [DaniEl 3:1; 4:30]
11 En nou is daar baie nasies teen Jou versamel wat sê: **Laat Haar besoedel word**, en laat ons oë met welgevalle neersien op Sion.
12 Maar hulle ken nie die gedagtes van JaHWeH nie en verstaan nie Sy besluit nie, dat Hy hulle versamel het soos gerwe op die dorsvloer.
13 **Staan op en dors, o Dogter van Sion!** Want Ek sal Jou Horing Yster maak en Jou kloue koper, en Jy sal baie volke fyn trap; en Jy sal hulle onregverdige wins aan JaHWeH toewy en hulle rykdom aan die Elohey van die ganse Aarde. [Odes van Salomo 23:13; JeshaJaH 41:15]

**Daniel 11:28** En hy sal na sy Aarde teruggaan met baie goed, **en sy hart sal teen die Verbond van Apartheid wees,** en hy sal optree en na sy Aarde teruggaan. [JeshaJaH 35:8]
29 Op die vasgestelde tyd sal hy terugkeer en in die Suide kom, maar dit sal die laaste keer nie wees soos die eerste keer nie.
30 Want skepe van die Kittiërs sal teen hom kom, en hy sal moedeloos word; dan sal hy teruggaan en sy toorn openbaar **teen die Verbond van Apartheid** en optree; en hy sal teruggaan en ag gee **op die wat die Verbond van Apartheid versaak het.**
31 **En uitgestrekte arms sal van hulle opgaan en hulle sal die Apartheidsplek, die laer/vesting, besoedel, en hulle sal die voortdurende opsy stoot en die veragtelike gruwel oprig wat verlate maak. [Exodus 25:30]**
32 En die wat besoedel handel teen die Verbond, sal hy met vleiery afvallig maak, **maar die volk wat sy Elohey ken, sal vashou en optree.**
33 En die verstandiges onder die volk sal **baie tot insig bring;** maar hulle sal struikel deur swaard en vlam, deur gevangenskap en berowing, dae lank.
34 En terwyl hulle struikel, sal hulle **met 'n klein Hulp ondersteun word;** dan sal baie uit listigheid by hulle aansluit.
35 En sommige van die verstandiges sal faal, om hulself te veredel, **om hulself uit te suiwer en om hulself te verblank tot die tyd van die einde** - want dit sal nog duur tot op die vasgestelde tyd.
36 **En die koning sal doen net soos hy wil en homself verhef en hom groot hou bo al die elim(elle), en teen die El van die elim(elle) sal hy wonderbaarlike dinge spreek;** en hy sal voorspoedig wees, totdat die grimmigheid ten einde is; want wat vas besluit is, sal uitgevoer word.
37 En op die gode van sy vaders sal hy nie ag slaan nie, en op die begeertes van die vroue en op enige godin sal hy geen ag gee nie; **want hy sal homself bo alles groot hou.**

**Daniel 2:43** Dat u die yster gemeng met kleigrond gesien het - **hulle saad sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak**, maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie.
44 Maar in die dae van dié konings sal die Elohey van die Hemele **'n Koninkryk verwek** wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy van Haar sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; Sy sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, **maar self sal Sy vir ewig bestaan** - [DaniEl 6:26]